

BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS

D. ASHTON (hoofredaktrise). *Gedenkboek: amptelike opening — Johannesburgse Hospitaal/ Commemorative book: official opening — Johannesburg Hospital*. Johannesburgse Hospitaalraad: Johannesburg, 1983. 112 pp. Geïllustreerd. Prys nie vermeld. ISBN 0 620 06938 4.

Hierdie tweetalige en keurig geïllustreerde gedenkboek is saamgestel deur 'n publikasiekomitee onder beskerming van die Johannesburgse Hospitaalraad by geleentheid van die amptelike opening van die nuwe hospitaal deur die destydse staatspresident, mnr. Marais Viljoen, op 7 September 1983.

Die begin van gesondheidsdienste in Johannesburg kan teruggevoer word tot die pioniersjare van die Goudstad toe die onhigiëniese toestande in

die myngebied van die Rand en die hoë ongevallesyfer weens misdaad en mynongelukke, dienste van dié aard in die jare tagtig van die vorige eeu genoodsaak het. Aanvanklik is 'n aantal beddens in die plaaslike tronk vir ongevallen beskikbaar gestel en tronkbewaarders moes in die afwesigheid van verpleegsters die rol van siekettoosters vervul. Namate die goudstormloop toegeneem het, is druk op die bestaande gesondheidsraad uitgeoefen om mediese geriewe te skep. Die gevolg was dat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek om finansiële hulp genader en ook plaaslik deur middel van kollektelyste geld ingesamel is. Die spesiale landdros van Johannesburg, kaptein Carl von Brandis, het as tussentydse maatreël 'n sinkgebou aangekoop wat toe as verpleeginrigting moes dien.

In 1888 is die eerste hospitaalraad saamgestel, 'n perseel noord van die myndorp is bekom en in 1889 kon met die oprigting van die eerste permanente hospitaal begin word; dit is in 1890 feestelik in gebruik geneem. Na 'n nederige begin met 130 beddens het die hospitaal binne enkele dekades tot die grootste in die Britse Ryk gegroei. Tot 1919 moes die hospitaal vyf keer vergroot word en in 1922 is kliniese fasiliteite vir die opleiding van mediese studente daargestel. Die Johannesburgse Hospitaal het ten spyte van talle probleme deur die jare gegroei om tred te hou met die snelgroeiende bevolking van die stad en in 1968 was altesaam 1 500 beddens, versprei in verskillende dele van die stad, beskikbaar.

In dieselfde jaar het die Transvaalse Provinsiale Administrasie 'n nuwe gebou beplan. Weens 'n gebrek aan ruimte moes die hospitaal na 'n nuwe terrein verskuif word en uiteindelik is op die Parktownrif besluit waar die Universiteit van die Witwatersrand terselfdertyd beplan het om 'n nuwe mediese skool op die aangrensende perseel op te rig. Bouwerk aan die eerste fase van die hospitaal het reeds in 1973 begin — die eindproduk wat tien jaar later ingewy is, is nie slegs een van die grootste enkel hospitaalkomplekse in die Suidelike Halfronde nie, maar ook 'n ten volle geïntegreerde akademiese hospitaal wat een van die digsbewoonde gebiede in die land bedien en internasionale bekendheid verwerf het vir talle prestasies en bydraes tot feitlik alle aspekte van die geneeskunde.

Afgesien van die geskiedenis van die hospitaal, word die grootste deel van die boek gewy aan al die dienste wat dit bied en aan die verskillende departemente, wat in die meeste gevalle ook in historiese perspektief gestel word. Op dié wyse kan die werk as bron vir die student in die stedelike geskiedenis dien. Hoewel die gedenkboek nie as 'n gesaghebbende historiese werk bedoel is nie, lewer dit tog 'n bydraë tot die geskiedenis van mediese en gesondheidsdienste in Johannesburg en veral tot die eietydse omstandighede. Dit sal in die toekoms vir die navorser van waarde wees. Want die "verhaal van die Johannesburgse Hospitaal het geen einde nie. Dit is eindeloos" (p. 110), aldus die samesellers.